EK DRA HIERDIE JOERNAAL VAN MY LEWE OP AAN:

- My ouers, Danie en Esmé de Wet, wat deur die jare vir my soveel geleenthede geskep en moontlik gemaak het, waarvoor ek so baie dankbaar is en waarvan ek wil vertel.
- My broers, Charl en Francois, wat saam met my deur my kinder-, skool- en studentejare gestap het en ons nou op ouer dae vanaf Mei 2018 weer sommer naby mekaar woon.
- Aan Johanna en my kinders, Carlien, Esmé en Johann, wat my in al my grootmensjare (soms storm en donker jare) altyd ondersteun en bygestaan het.
- My skoonseuns, Corné Klem en Dawie Malherbe. Ek kon nie vir beter gevra het nie !
- My kleinkinders Liam Malherbe, Anna-Mart Klem, Gerd Klem, Rese Klem en Joane Malherbe, wat ek hoop, soos hulle ouer word en hierdie joernaal van my lewe lees, hulle oupa ‘n bietjie beter sal leer ken en verstaan en besef dat hy ook maar net ‘n gewone mens is/was !

ERKENNINGS:

- Ek wil ook graag erkenning gee aan Uwe en Doreza (neé de Wet) Kersandt van Boontjieskraal, Caledon, wat hulle boek “Boontjieskraal, Die Storie van ‘n Plaas en sy Mense” en Uwe Kersandt se boek, “Strangers in the Box”, aan my geskenk het. Beide boeke handel oor hulle herkoms en families. Hulle het my inspireer en aangemoedig om ook so iets aan te pak en ek bedank hulle daarvoor !
- Ook wil ek vir Francois (Faf) Hugo, wat saam met my in Wilgenhof was, dankie sê vir sy boek, ”Soos ‘n birimankwe”, wat handel oor sy sendeling kinderjare in ou Njassaland (vandag Malawi) op die sendingstasie Nkhoma. Ek het so aanklank gevind by sy stories van daardie tyd, dat ‘n saadjie geplant is om ook my stories te vertel.
- Ook aan Jak de Priester vir sy televisie reekse “Reise na Gister” en die temalied “Ek Reis na Gister", wat my verder inspireer het om voort te gaan op my reise na gister. Jak en sy vrou, Michelle, het in 2009 na ‘n KKNK op Oudtshoorn saam met vriende vir ‘n paar dae by ons by Boompies Gastehuis op Outeniquastrand kom kuier.
- Dankie, aan almal wat deel van my lewe was. Elkeen het op ‘n spesiale manier en op ‘n spesifieke tyd in my lewe ‘n rol gespeel. Indien jou naam nie iewers in die teks verskyn nie, beteken dit nie dat ek van jou vergeet het nie ! Dit was net onmoontlik om almal en alles wat ons saamgedoen het, neer te skryf. Voel egter vry om my per e-pos by pedw@boompies.com te kontak en jou storie wat jy onthou oor wat ons saamgedoen het, met my te deel en ek sal dit graag op die gepaste plek in die teks wil bywerk !
- Graag erken ek ook die Wilgenhof Gedenkboeke, wat in 1968 en 2003 verskyn het, wat ek geraadpleeg het om inligting te verifieer waar my geheue my in die steek gelaat het !

Terug na Inhoudsopgawe